**Ek pleit op die regte tyd**

Balletdanser getooi in adams-gewaad,
siel met die kleur van doringdraad.
Akteur met geen werklike smaak,
om met jou hand aan die dood te raak?

Met koue yster nat klere te stryk,
en warm water tropiese plante te les.
Om 'n wit jean weer blou te blyk,
en enkeling in die blou see sonder stres!

Sandkorrels op die bodem van jou skoen,
gedagtes eenders as die gif van 'n slang.
Miskien kry jy die son in groen?
Miskien kry jy niemand om jou te vang!

Dis die droewigheid wat voel soos ewigheid.
Dis die onmoontlike wat voel soos die gewoonte,
en die magteloosheid wat voel soos jou verantwoordelikheid!
Dis lankal verby my normale slaap tyd!

Maar dis nou die regte tyd,
bo-en-behalwe al die teenstrydigheid!
Om by jou te pleit
ek is bitter spyt!

Copyright© 2003.07.31